

Hieronder volg 'n paar belangrike gebeure en vergaderings waarvan inwoners van Wellington kennis behoort te neem.

1. Wellington Sakekamer Algemene jaarvergadering – 24 Maart 2014

Hiermee gee ons graag kennis en nooi ons besighede, instansies en belanghebbende perone uit na die Algemene Jaarvergadering van Wellington Sakekamer. Die Sakekamer beskou onself as besonder bevoorreg om Ministers Allan Winde, Ministerie van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die Wes-Kaap as die gasspreker op die Algemene Jaarvergadering te kan verwelkom.

Datum: 24 Maart 2014

Tyd: 18:00 vir 18:30

Venue: Monte Vidéo Gastehuis, Kerkstraat, Wellington

Onderwerp: “Ekonomiese vooruitsigte vir die volgende 3-5 jaar”

Om u sitplek te verseker RSVP asb. voor of op 21.03.2014 by Jenny@mattelo.co.za of skakel haar by 021-8642942 of 079 516 7666

2. Bybelstap 12 Maart 2014

Die **ATKV BYBELSTAP** word vanjaar gereël vir **Woensdag 12 Maart 2014 om 17:30** en ons spring weg regoor die skoolsportvelde in Gen. Hertzoglaan. Die koste is **R25** per persoon en elkeen ontvang 'n medalje van die Bybelgenootskap. Daar sal 'n waterpunt by die bruggie wees. **3 & 5 km om PERDESKOEN Bring jou hond en stap saam!**

Alle fondse word aan die Bybelgenootskap oorbetaal, kom ondersteun die mooi poging! Groete Danie Theart

3. ATKV - VROUE VROLIKHEID BUSTOER 29 MAART '14

*Biscuit Mill in Woodstock omgewing. (Kosse, mense, klere en dinge uit 'n ander wêreld)

*Kaapse Tuine – kom en ervaar Kaapstad

Kom ervaar die vrolikheid saam met ander vroue en gesels al jou woorde op vir die dag.

AANGEBIED DEUR ATKV WELLINGTON GESINSTAK

Vertrek: 08:00 Wellington Oos Kerkgronde

Terug: 16:00 (Betyds terug vir rugby)

Koste: SLEGS R100 pp

Bring jou ma, suster, vriendin of buurvrou saam.

Die ATKV manne gaan ons bederf met die vertrek. Bespreek gou om teleurstelling te voorkom!

RSVP: Roné Sills 082 290 3114 of rone.sills@gmail.com

4. Plante wat gesteel word.

“Ons wat hier om die draai van Jan Van Riebeeckstraat woon, is altyd trots dat ons in 'n baie lae of die laagste misdaadsone van Wellington woon. Ons is egter nou diep besorg oor 'n snaakse en gereelde diefstal in ons area. Die buurt beskik oor ywerige tuiniers wat ook bydraes lewer om meer as net binne ons eie erwe mooi te maak.

Hugo Rust Laerskool se tuine is verlede jaar teen hoë koste en met baie energie, pragtig oorgedoen. Regoor die skool is 'n munisipale roostuin wat verlede jaar met skenkings en die Droom projek oorgedoen is. Dit het pragtig gelyk en die munisipale werkers het ekstra spesiale aandag daaraan gegee.

By no 11, het die nuwe eienaars hulle tuin oorgedoen en 'n rytjie struik aangebring op hul suidelike palistrade heining aan die buitekant.

By hierdie tuine is op gereelde basis min of meer 20 tot 30 plante per geleentheid gesteel (almal dieselfde varieteit) Die vermoede bestaan dat dit gebruik word om te verhandel. Die skade beloop reeds dig by R5000 – R6000 (her-verkoopswaarde.) Ons sou graag die oortreder wou vastrek voor die skade meer word.

Ons versoek die publiek om asb te help met inligting (stuur via Attie asb): indien persone van deur tot deur verkope doen, Straatverkopers, Huis kwekerie, Ander areas wat dieselfde problem ondervind. Enige ander moontlikhede. Groete Coretha”

5. Besikbaarheid van Munisipale kontaknommers tydens kragonderbrekings

“Ek verstaan van my vrou dat daar 'n kragonderbreking in Wellington is. Ek het nou alle Wellington Munisipaliteit nrs probeer geen antwoord nie. Van 09h25 af. Ek het die nood nr vir Wellington probeer geen antwoord nie asook Wellington se brandweer nr geen antwoord nie.

Selvs Paarl Munisipaliteit se normale nr geen antwoord nie, ek het egter nou by Paarl Brandweer antwoord gekry. Blykbaar Eskom wat iets moet reboot en niemand kan sê hoe lank dit gaan duur nie kan moontlik die hele dag wees. Nou vra ek myself af indien my huis nou sou brand in so geval kan dit mos nie moontlik wees dat iemand vir 'n halfuur lank alle Munisipale nrs skakel en geen antwoord kry nie?? Dan is daar mos iets fout ?

Laat weet asb indien daar nog mense is wat soortgelyke problem ondervind, ek meen waarvoor betaal ons dan belasting, Groete JOHAN VAN DER MERWE”

6. Kan iemand dalk vir Marlene help met 'n Motorhuis vir haar seun.

“Goeie môre uit buurdorp Malmesbury, My seunskind is in die kollege in jul mooi dorp en soek 'n motorhuis vir sy motor. Dit staan nou in die straat en voor verlede week is daar in ander voertuie ingebreek rondom syne. 'n Veilige staanplek binne toe erf onder 'n boom sal ook doen. Verkieslik naby die kampus, maar as dit nie anders kan nie ... Baie dankie by voorbaat en ek wil net dankie sê vir die info wat so gereeld uitgestuur word. Mooi dag verder Marlene Niemann 022 - 482 1261 082 586 4065”

7. Waarskuwing Swendelaar wat mense bedreig om geld te bekom

“EK WIL NET ONDER JUL AANDAG BRING DAT HIER NABY DIE NOORD KERK, N BLANKE MAN, MET N KORT GESNYDE BLONDE KOP, OMTRENT 1.5 METER LANK, RONDLOOP EN VRA VIR GELD OM SY VROU TE GAAN HAAL IN BELLVILLE, HY HET AL VANTEVORE OOK N STORIE VERTEL DAT SY KIND SIEK IS EN HY SOEK BRANDSTOF GELD OM TE LEEN OM SY VROU EN SEUN IN BELLVILLE BY DIE HOSPITAAL GAAN HAAL, SO HET MNR FOURIE DIE GELD [R300.00] VIR HOM GELEEN EN DIE MAN NOOIT WEER GESIEN NIE.WEES MAAR VERSIGTIG VIR HOM, VERAL DIE BEJAARDE MENSE LOOP HY NA. GROETE, TOIT”

www.WellingtonINFO.co.za